

# Eva

Sy het haarself en haar ganse nageslag  
uit die tuin van Eden uit geredeneer.

Lees Eva se verhaal in Genesis 1–3.

Wat is nou lekkerder vir ons as vroue as 'n heerlike geselsie? Kry 'n groep vroue bymekaar om saam tee te drink en die geluide wat opklink, herinner ons aan die digter en skrywer Hester Heese se uitstekende beskrywing – “vinke by die water wat kwinkeleer en snater”. Ons het immers altyd iets om te vertel.

Klink dit bekend? Het jy jou al ooit probeer indink in die omstandighede van die eerste vrou van wie ons in Genesis lees, die vrou wat uit die rib van haar man geskep is? In die tuin van Eden was daar, buiten die baie mooi tuin vol eetbare vrugte, Man en Mannin en die Skepper. Dis al. Daar was geen boeke om te lees of uit te leer nie. Geen ander afleidings nie. Nie eens stokperdjies nie, want dit was nie nodig nie. Hulle het nooit kerk gehou of biduur toe gegaan of 'n kursus bygewoon nie. Daar was vir hierdie eerste vrou niemand

anders om mee te gesels as haar maat en haar Maker nie. Die verhouding wat hierdie twee wesens met hul Skepper gehad het, was volmaak en beslis in alle opsigte voldoende.

Maar toe verskyn die ekstra “gespreksgenoot”. Die Woord verwys na hierdie gespreksgenoot as “listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het”. Wat tussen hulle gepraat is, was geen gewone gesprek nie. Dit was wel ’n besonder belangrike gesprek. Dit hét immers die ganse mensdom in sonde gedompel.

Dit is vir ons elkeen belangrik om te probeer begryp wat tydens hierdie ontmoeting gebeur het. Daar is ’n paar belangrike gedagtes om in ag te neem.

Ons almagtige God is die Skepper van alles wat bestaan. Hy doen alles wat Hy wil doen vanuit goeie beplanning; Hy het ’n plan vir alles en ’n plan met alles. Daar is niks wat Hom kan ontglip nie. Hierdie Skepper het dit goedgepink om Man en Mannin aan te stel om te heers oor alles wat Hy geskep het. Man kon selfs name gee vir die diere wat God geskep het. Wat’n voorreg, maar ook groot vertrouwe in hierdie wese wat na die beeld van God geskep is.

Daar was egter baie duidelike reëls oor wat Man en Mannin mag geëet het. Alles wat geëet het, mens en dier, sou van plante leef. Dink net daaraan, tot in

daardie stadium is niks ooit doodgemaak nie. Geen dier het selfs 'n ander dier doodgemaak om dit te eet nie. Daar was geen bloedvergieting nie. Alles wat moes eet, het van die plante in die tuin geleef. Dít is dan ook 'n baie belangrike gedagte: Niks in daardie tuin het *doodgegaan* nie. Alles het bly *leef*. In daardie tuin was daar lewe, nie dood nie.